



**FW de Klerk**  
STIGTING

## **DIREKTEUR: SENTRUM VIR GRONDWETLIKE REGTE**

Die FW de Klerk Stigting wil graag so gou as moontlik 'n toepaslik gekwalifiseerde regskenner as Direkteur van sy Sentrum vir Grondwetlike Regte aanstel, ten einde die Grondwet in die belang van almal in Suid-Afrika te beskerm en te bevorder.

Aansoekers sal die geleentheid hê om 'n betekenisvolle bydrae tot die verdediging en bevordering van die Grondwet te maak in 'n kritieke tydperk van die geskiedenis van ons jong grondwetlike demokrasie.

Die aansoeker moet beskik oor:

- 'n passievolle verbintenis tot die handhawing van die Grondwet
- breedvoerige kennis en begrip van die Grondwet en die proses wat tot die aanvaarding daarvan gelei het
- (verkieslik) ervaring op die gebied van grondwetlike aangeleenthede
- die vermoë om duidelike en gesaghebbende meningstukke te skryf
- goeie menseverhoudings en kommunikasievaardighede

Vereiste kwalifikasies wat voorkeur sal geniet:

- nagraadse regsgraad (verkieslik 'n meestersgraad in Publiekreg/Staatsreg)
- ervaring in Publiekreg, spesifiek Staatsreg
- toelating as advokaat of prokureur
- ervaring in politieke wetenskap sal 'n bykomende voordeel wees

Die Direkteur se pligte sal die bevordering van die waardes, regte en beginsels in die Grondwet insluit, deur *inter alia*:

- grondwetlike analise van optrede, beleide en wetgewing
- dialoog en interaksie met die regering, nie-regerings- en juridiese organisasies
- die opstel van grondwetlike meningstukke
- die skryf van artikels oor grondwetlike aangeleenthede
- die bied van advies oor grondwetlike aangeleenthede
- litigasie

Daar sal ook van die Direkteur verwag word om toesig te hou oor personeel en administratiewe aangeleenthede wat met die Sentrum verband hou, en ook om die Sentrum se aktiwiteite met dié van die Stigting te koördineer.

Salaris en diensvoorwaardes sal onderhewig wees aan ervaring en die Stigting se begroting.

**Aansoeke, te same met 'n kort CV, moet teen 15 Maart 2016 aan [info@fwdeklerk.org](mailto:info@fwdeklerk.org) gestuur word.**